Lesing 26.03.2018 - DEEL 1 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

# DIE EINDE KOM!

Voorwoord - Augustus 2003

Gedurende die week van **11 Augustus 2003** het die gemeente van die Dogter van Sion in Pretoria etlike boodskappe ontvang wat verstaan kan word dat die ware kinders van die lewende Elohim baie naby aan die einde van hulle verdrukking deur die heersende wêreldmagte staan.

Regoor die wêreld is gelowiges tans die slagoffers van die verskriklikste geestelike verdrukking wat die wêreld nog ooit gesien het. Nog nooit was die aanslag op die sedelike waardes van die konserwatiewe gelowige so fel gewees nie.

In Suid-Afrika het dinge hand oor hand versleg toe die huidige ANC-regime met hulle inherente walglike kommunistiese sedelike norme die land se regering oorgeneem het. Die vieslikste pornografie, die gewelddadigste ontspanningskultuur, die walglikste homoseksuele praktyke, verbastering, moord op onskuldige blankes, gewettigde aborsies, korrupsie wat epidemiese afmetings aangeneem het en vele ander gruwelpraktyke is tans aan die orde van die dag. Koerante, televisie, radio, gesinstydskrifte en die Internet spu daagliks hulle vuil vieslike stroom boosheidsriool oor die slapende Christendom uit.

Nêrens is daar protesstemme van die volk se geestelike herders of politieke leiers nie. Oor die dodelike gif wat neersak op hul kuddes, is hulle nie in die minste bekommerd nie. Elkeen is net bekommerd oor sy eie kerk se getalle, of sy politiese aansien, want dit gaan vir hulle slegs oor die hoeveelheid gashere wat hulle kan bekonkel na hulle vetgemeste neste toe sodat hulle op hulle lidmate kan parasiteer. Vandag se volksleiers stel slegs belang in hulle eie buike.

Die Dogter van Sion gee hulleself nie uit as profete nie, maar beskou hulleself as gewillige en nederige diensknegte in die wingerd van ons Hemelse Vader, en ons sal nie wegskram van die opdragte in **Esegiël 33:7** nie. (Alle aanhalings uit ***Die Boek van Herinnering, Vierde Druk***.)

*7 En jy, o seun van adam, Ek het jou as wag oor die huis van JisraEl aangestel; en <u>as jy 'n Woord uit My Mond hoor, moet jy hulle van My kant waarsku</u>.*

## NAWOORD

***(geskrywe op 28 Augustus 2013, 10 jaar nadat hierdie 4 boekies verskyn het)***

Hier staan ons nou, 10 jaar later en skynbaar het baie min van hierdie dinge gebeur. Maar as `n mens kyk na die gedeelte oor die gemeente Smirna wat 10 dae lank verdrukking sou hê, en ons bring dit in verband met die 10 jaar wat verstryk het tot nou toe, lyk dit asof baie dinge binnekort na 22 September 2013 kan gebeur.

Die belangrikste gebeurtenis wat 10 jaar gelede plaasgeving het, en wat ons nie toe kon raaksien nie, <u>was die oprigting van die Nuwe Geestelike Huis op Kameeldrif 225</u>, die plek waar die Nuwe Gelofte afgelê was. Twee klipstapels dien tot getuienis van hierdie plek as uitverkies deur Vader vir Sy toekomstige huis. Sonder dat ek as skrywer van hierdie boeke eers betrokke was, in my 1 jaar plus afwesigheid van die plaas weens siekte, is die sorgsentrum wat toe alreeds op Kameeldrif 225 bestaan het, herdoop tot **<u>Filadelfia Ark</u>**. Weereens gelei deur dieselfde Gees!

In later jare het Abba Vader ons getoon dat Hy hierdie Gelofte as vervangend beskou tot die ou 1838 Gelofte wat nou deur die hoofstroom Afrikanervolk as `n versoeningsdag geëer word saam met Moor en Mohammedaan. *(sien die boek, "Dogter van Sion, huis op die Rots" by ons te kry*). Diegene wat nog die ou oorspronklike 1838 Gelofte eer, sal almal sien dat die Gelofte voortaan slegs geestelik vertolk moet word, naamlik dat elkeen van ons SELF `n Geestelike Huis of Bousteen sal moet word volgens **1Petrus 2**. Elkeen sal dan deel word van die nuwe volk wat opgerig gaan word, waar ons as wedergeborenes in Suid-Afrika die begin van die ewige Huis sal wees, waarheen al die verstrooide Israeliete sal kom om by ons, die Dogter van Sion, aan te sluit.

Ook is die Nuwe Jerusalem reeds hier op hierdie plaas, in die vorm van die Nuwe Leer of genoem, die Nuwe Openbaring, Woorde van JaHshua, ons Messias wat die enigste lewende woorde kan wees wat jou en my lewend kan maak sodat ons die wedergeboorte kan ontvang. Die laaste geskrif, Die Nuwe Bybel, die kroon van Sy openbaringe aan Sy Bruid het ook hierheen gekom en stel ons nou in staat om:

**Die Fondament -** Die Boek van Herinnering
**Die Mure -** Die Nuwe Openbaring
**Die Dak -** Die Nuwe Bybel

in onsself te voltooi om elkeen as `n lewende Steen deel van die Geestelike Huis te word volgens **1 Petrus 2:4-5**!

*4 Kom na Haar toe, die Lewende Steen wat deur die adamiete wel verwerp is, maar by Elohim uitverkore en kosbaar is; [Psalm 118:22]*

*5 en laat julle ook **soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike Huis,** 'n priesterdom van Apaeid, om geestelike aanbiedinge te bring wat aan Elohim welgevallig is deur JaHWèshua die Gesalfde.*

Prys en loof Abba Vader JaHWeH vir Sy wonderbaarlike Liefde vir ons. **Amein**

Nou, terug na 2003